

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS

SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V2

2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,
'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Bankversoening	30	25
2	Voorraadwaardasie	35	30
3	Kosterekeningkunde	45	35
4	Begrotings	40	30
TOTAAL		150	120

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 1: BANKVERSOENING**(30 punte; 25 minute)**

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Kredietsaldo op die Bankstaat beteken dat die onderneming 'n positiewe saldo in die bank het.

1.1.2 'n Debietkaart kan gebruik word om kontant by 'n OTM te onttrek.

1.1.3 'n Bankoortrekking is 'n korttermynlening wat in die besigheid se lopende bankrekening oorgeplaas word. (3)

1.2 **VIOLET WINKELS**

Die inligting is geneem uit die boek van die onderneming vir April 2023.

- Violet gebruik die amptelike Bankstaat wat op die 25^{ste} van elke maand beskikbaar is om die maandelikse versoeningsproses te voltooi.
- Sy gebruik ook haar EFO-transaksierekords (hernommer) om die Kontantbetalingsjoernaal te voltooi.

GEVRA:

1.2.1 Dateer die totale vir die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernale vir April 2023 op. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf word. (10)

1.2.2 Bereken die korrekte Bankrekeningsaldo op 30 April 2023. (4)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 April 2023 op. (9)

1.2.4 Violet het probleme met die deponering van kontant opgemerk. Verduidelik TWEE maatreëls wat sy kan gebruik om hierdie probleme op te los. (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2023:**

Gunstige saldo soos op die Bankstaat	R12 200
Deposito's nie op die Bankstaat nie: 18 Maart 2023	23 600
28 Maart 2023	37 200
Uitstaande EFO's: EFO 768	5 480
EFO 769	17 800
Gunstige saldo soos op die bankrekening	49 720

- Die uitstaande deposito op 18 Maart 2023 het in die Bankstaat van April 2023 verskyn.
- Die deposito op 28 Maart 2023 het as R22 200 verskyn. 'n Ondersoek het getoon dat die kassiere met die uitstaande bedrag verdwyn het. Daar is besluit om die uitstaande bedrag af te skryf.
- Albei die EFO's was op die April-bankstaat, maar EFO 768 het met die korrekte bedrag van R4 580 verskyn.

B. Die voorlopige totale in die Kontantjoernale voordat die Bankstaat ontvang is:

Kontantontvangstejoernaal: R115 600 Kontantbetalingsjoernaal: R217 800

**C. Inligting op die Bankstaat van April 2023
Geeneen van hierdie items was op April se Kontantjoernale ingesluit nie:**

Debietorder: Brylet Munisipaliteit	R2 880
Kontantheringsfooie	R220
Deposito: Y Marigold	R8 400
Deposito: Bentley Mikrolenings	R65 000
Kontantonttrekking	R740
Belegging verval	R18 300
EFO-transaksiefooie	R360
EFO-transaksiefooie	R360

D. Addisionele inligting:

- Die debietorder aan Brylet Munisipaliteit was vir water en elektrisiteit.
- Y Marigold, die huurder, het die maandelikse huur gedeponeer.
- Die deposito van Bentley Mikrolenings het nie betrekking op die onderneming gehad nie. Die bank is van hierdie fout in kennis gestel.
- Die kontantonttrekking van R740 was vir brandstof vir die eienaar se voertuig.
- Die EFO-transaksiefooie is foutiewelik op die Bankstaat gedupliseer.

E. Die Kontantjoernale het die volgende inskrywings getoon wat nie op die Bankstaat van April 2023 verskyn het nie:

- Deposito van R22 500 op 30 April 2023
- EFO 883 vir R9 520 vir skryfbehoeftes aangekoop
- EFO 884 vir R12 530 vir herstelwerk aan geboue

F. Bankstaatsaldo op 30 April 2023: R?

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE**(35 punte; 30 minute)**

Mandie Jones is die eienaar van TV City wat TV-stelle verkoop en het twee takke (winkels) in KZN. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik. Geen vermiste items is vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023 opgeteken nie.

2.1 Howick-tak

Hierdie tak verkoop **Arctic TV-stelle**.

2.1.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van die Arctic TV-stelle op 28 Februarie 2023 deur die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode te gebruik. (5)

2.1.2 Bereken die voorraadhouingsperiode (in dae) met gebruik van die slotvoorraadsyfer (3)

ARCTIC TV-STELLE	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTALE BEDRAG
Beginvoorraad (1 Maart 2022)	280		
Aankope:	1 600		6 310 000
Mei 2022	500	R3 800	R1 900 000
Augustus 2022	400	3 950	1 580 000
September 2022	400	4 000	1 600 000
Januarie 2023	300	4 100	1 230 000
Terugsendings	60	4 100	(246 000)
Slotvoorraad: 28 Februarie 2023	270		?
Koste van verkope			R6 010 000
Verkope	1 550	R5 000	R7 750 000

2.2 Durban-tak

Hierdie tak verkoop **Pacific en Caspian Smart TV-stelle**.

Mandie is bekommerd oor die volgende kwessies:

- Die Caspian Smart TV-stelle kan dalk te duur vir haar klante wees.
- Hoë voorraadvlakke in al haar produkte kan haar besigheid negatief beïnvloed.

Mandie verwag om 1 000 Pacific TV-stelle in die 2023 finansiële jaar te verkoop. Sy het daarom die verkoopprijs van die Pacific TV-stelle in September aangepas en die boekhouer versoek om 'n ontleding van kwartaalverkope en voorraadhouingsperiodes te verskaf.

Verwys na Inligting A en B.

2.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad van die Pacific TV-stelle op 28 Februarie 2023 deur die spesifieke identifikasietegniek te gebruik. (4)

2.2.2 Bereken die bruto wins verdien op die verkope van die nuwe soort Caspian Smart TV-stelle. (3)

- 2.2.3 Lewer kommentaar op die kwartaalverkope van die Pacific TV-stelle en verduidelik of Mandie se aanpassing van die verkoopprijs 'n wyse besluit was, of nie. Haal syfers of berekeninge aan. (4)
- 2.2.4 • Lewer kommentaar op die voorraadhoudingsperiodes van die Pacific en Caspian TV-stelle. (4)
- Verduidelik hoe die verskillende houdingsperiodes die onderneming finansiële beïnvloed. (4)
- Verduidelik wat hierdie periodes aandui oor die voorkeure van klante. Haal syfers of berekeninge aan. (4)
- 2.2.5 Verskaf TWEE punte van advies aan Mandie oor hoe sy die hoë voorraadvlakke van sommige van haar produkte kan regstel sonder om pryse vir klante aangebied, verder te verminder. (4)

INLIGTING:**A. Durban-tak-voorraadrekords**

TV-STELLE	PACIFIC		CASPIAN SMART	
Kosprys	R9 300		R10 200	
% winsopslag op kosprys	Wisselend		60%	
Voorraadrekords	EENHEDE	TOTAAL (R)	EENHEDE	TOTAAL (R)
Voorraad op 1 Maart 2022	350	3 255 000		
Aankope	800	7 440 000	800	8 160 000
Mei 2022	400	3 720 000		
Augustus 2022	400	3 720 000		
September 2022*			800	8 160 000
Verkope	765	9 408 500	670	10 934 400

*Die tak het die nuwe Caspian Smart TV-stelle vanaf 1 September 2022 begin verkoop.

B. Kwartaalverkope

Die boekhouer het die volgende ontleding van kwartaalverkope en voorraad-houdingsperiodes aan Mandie verskaf:

VERKOPE PER KWARTAAL	PACIFIC			CASPIAN SMART	
	EEN-HEDE	VERKOOP-PRYS PER TV	TOTALE VERKOPE	EENHEDE	TOTALE VERKOPE
Mrt.–Mei	250	R13 500	R3 375 000	-	
Junie–Aug.	245	13 500	3 307 500	-	
Sep.–Nov.	160	10 300	1 648 000	340	R5 548 800
Des.–Feb.	110	9 800	1 078 000	330	5 385 600
Voorraadhou-dingsperiode	184 dae			71 dae	

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE**(45 punte; 35 minute)****3.1 LADOO VERVAARDIGERS**

Die onderneming vervaardig leerbeursies. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

GEVRA:**3.1.1 Verwys na Inligting C.**

Bereken die fabrieksbokoste. (8)

3.1.2 Stel die Produksiekostestaat op 28 Februarie 2023 op. (10)

INLIGTING:

A. Goedere-in-bewerking-voorraadsaldo op 1 Maart 2022 was R542 000.

B. Besonderhede van die produksiewerkers:

Getal werkers	40
Basiese (normale) loonkoers	R60 per uur
Gewone tyd deur elke werker gewerk	1 920 ure
Oortyd (in totaal)	R1 142 000

C. Die boekhouer het die fabrieksbokoste op R2 638 600 bereken.

Die volgende koste is weggelaat en moet nog in berekening gebring word:

- Versekering is 'n vaste maandelikse premie vir die volle finansiële jaar. Die bedrag betaal, R235 950, sluit die premie vir Maart 2023 in. $\frac{2}{3}$ van hierdie uitgawe is op die fabriek van toepassing.
- Water en elektrisiteit aan die kantoor toegedeel, was R69 200. Let daarop dat water en elektrisiteit soos volg volgens vloerspasie gedeel word:

Fabriek	Verkope	Kantoor
560 m ²	240 m ²	160 m ²

Die volgende inskrywing moet reggestel word:

Huur van R316 000 is in die fabrieksbokoste opgeteken. Die boekhouer het egter die foutiewe verhouding van 2 : 5 : 1 vir Fabriek, Verkope en Kantoor gebruik. Die korrekte verhouding is onderskeidelik 5 : 2 : 1.

D. Totale primêre koste vir die jaar het R12 500 000 beloop.

E. Totale produksie vir die jaar, 33 500 eenhede, is teen 'n koste van R475 per eenheid vervaardig.

3.2 STYLZ MAKER

Die onderneming vervaardig ontwerpershemde. Die finansiële jaar eindig jaarliks op 30 April. Lez Styles is die eienaar van die onderneming.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf bewyse in die vorm van syfers of berekeninge om die kommentaar en verduidelikings hieronder gevra, te ondersteun.

3.2.1 Gelykbreekpunt, produksie en wins:

- Doen 'n berekening wat sal bevestig dat die 2023-gelykbreekpunt korrek is. (3)
- Lewer kommentaar op die produksievlak en die gelykbreekpunt vir die afgelope twee jaar. Verduidelik of Lez Styles met die tendense in hierdie resultate en die wins wat hy verdien, tevrede sal wees. Verskaf syfers of berekeninge. (4)

3.2.2 Vaste koste:

Verduidelik waarom Lez nie bekommerd is oor die styging in vaste koste in 2023 tot R6,1 m. nie. Haal syfers aan. (4)

3.2.3 Verkoops- en verspreidingskoste:

- Identifiseer hoe die verkoops- en verspreidingskoste in totaal en per eenheid oor die afgelope twee jaar verander het. (2)
- Verduidelik TWEE redes waarom Lez doelbewus hierdie koste wou aanpas. (2)

3.2.4 Direkte materiaal en direkte arbeid: Verwys na Inligting A en C.

Lez het spesifieke besluite geneem om die onderneming en hulle produk te verbeter.

Verduidelik hoe die besluite wat hy geneem het, die onderneming bevoordeel het deur die volgende te verskaf:

- TWEE verskillende punte met betrekking tot die grondstowwe (6)
- TWEE verskillende punte met betrekking tot die direkte arbeid (6)

INLIGTING:**A. Lez se algemene strategiese besluite geldig vanaf 1 Mei 2023:**

- Lez het besluit om die gehalte van die hemde te verbeter om meer mededingend te wees en om na kleinhandelaars in ander lande uit te voer.
- Hy het na 'n nuwe verskaffer van die materiaal (grondstowwe) oorgeskakel en het 'n paar hoogs geskoolde en kreatiewe werkers in diens geneem om die werkers wat bedank of afgetree het, te vervang.
- Fabrieksbokoste vir 2023 het 'n opleidingsprogram vir fabriekswerkers (R600 000) en die huur van toerusting met die jongste tegnologie, R1,4 m. per jaar, ingesluit.

B. Produksie en koste

	2023	2022
Getal eenhede vervaardig en verkoop	10 500 hemde	6 500 hemde
Verkoopprijs	R1 830	R1 430
Gelykbreekpunt	4 815 hemde	4 267 hemde

	2023		2022	
	TOTAAL	PER EENHEID	TOTAAL	PER EENHEID
	R	R	R	R
VERANDERLIKE KOSTE	5 916 000	563	3 047 500	469
Direkte materiaalkoste	3 780 000	360	1 787 500	275
Direkte arbeidskoste	936 000	89	960 000	148
Verkoops- en verspreidingskoste	1 200 000	114	300 000	46
VASTE KOSTE	6 100 000	581	4 100 000	631
Fabrieksbokoste	5 600 000	533	3 600 000	554
Administrasiekoste	500 000	48	500 000	77
TOTALE PRODUKSIEKOSTE	12 016 000	1 144	7 147 500	1 100

- C. Lez het 'n kort kursus oor bestuursrekeningkunde voltooi om hom in staat te stel om maandeliks die produksiekoste meer doeltreffend te ontleed. Hy het die volgende produksiekoste ontleed:

Grondstowwe:	2023	2022
Materiaalkoste per meter	R200	R110
Meter materiaal per hemp (vermorsing ingesluit)	1,8 meter	2,5 meter
Materiaal gebruik in meter	43 200 meter	44 000 meter

Direkte werkers:		
Getal direkte werkers	12 werkers	15 werkers
Gemiddelde lone per werker p.j.	R78 000	R64 000
Ure per werker per jaar	1 920 ure	1 920 ure
Ure deur alle werkers gewerk	23 040 ure	28 800 ure
Gemiddelde getal hemde per werker vervaardig	875 hemde	433 hemde

VRAAG 4: BEGROTINGS**(40 punte; 30 minute)**

4.1 Toon die bedrae vir die volgende transaksies in die toepaslike kolomme vir die Kontantbegroting en die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste in die ANTWOORDEBOEK:

4.1.1 'n Rekenaar wat R26 400 kos, sal op 1 Julie 2023 kontant aangekoop word. Waardevermindering sal R550 per maand beloop.

4.1.2 'n Vaste deposito van R90 000 sal op 1 Julie 2023 belê word. Rente teen 9% p.j. sal aan die einde van elke maand in die onderneming se bankrekening gedeponeer word. (6)

4.2 **ALICE MEUBILEERDERS (EDMS.) BPK.**

Die inligting het betrekking op die begrotingsperiode eindigende Julie 2023.

GEVRA:

4.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Julie 2023. (7)

4.2.2 Bereken ontbrekende syfers (i) tot (iii) op die Kontantbegroting verskaf. (8)

4.2.3 **Werkers se salarisse:**

- Bereken die % verhoging wat werkers in Julie 2023 sal ontvang. (3)

- Gee TWEE redes waarom jy dink die werkers behoort met hierdie verhoging tevrede te wees. (2)

4.2.4 **Advertensies en afleweringssuitgawes: Verwys na Inligting F.**

- Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die advertensies. Verskaf syfers of berekening. (4)

- Alice is tevrede met die beheer oor afleweringssuitgawes. Verskaf syfers of berekeninge om haar gevoel te motiveer. (2)

- Alice is egter bekommerd oor die beheer oor elke voertuig. Identifiseer 'n ander kwessie (probleem) vir ELKE voertuig wat haar kommer bevestig. Verskaf syfers of berekeninge om haar gevoel te motiveer. (4)

- Maak TWEE voorstelle oor hoe Alice die gebruik of doeltreffendheid van die voertuie kan verbeter. (4)

INLIGTING:

A. Verkope en koste van verkope:

	APRIL	MEI	JUNIE	JULIE
Verkope	1 260 000	1 274 000	1 316 000	1 330 000
Koste van verkope	900 000	910 000	940 000	950 000

B. Kredietverkope beloop 70% van totale verkope. Debiteure betaal volgens die volgende neiging:

- 20% betaal in die maand van verkope en ontvang 7,5% korting.
- 55% betaal in die maand wat volg op die maand van verkope.
- 22% betaal twee maande ná die maand van verkope.
- Die saldo word daarna afgeskryf.

- C. Verkoopte voorraad word in die maand van verkope vervang. 'n Basis-voorraad word gehandhaaf. 80% van voorraad word op krediet aangekoop en krediteure word twee maande (60 dae) ná die maand van verkope betaal.

D. **Addisionele inligting:**

Die onderneming beplan om op 30 Junie 2023 'n lening uit te neem. Dit is teen 11% p.j. rente met die bank onderhandel, betaalbaar aan die einde van elke maand en sal op 31 Julie 2023 begin.

E. **Uittreksel uit die Kontantbegroting:**

ONTVANGSTE	JUNIE 2023 (R)	JULIE 2023 (R)
Kontantverkope	394 800	(i)
Invorderings van debiteure	854 952	?
Kommissie-inkomste	131 600	133 000
Lening: Cheetah Bank	(ii)	
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	188 000	190 000
Betalings aan krediteure	720 000	(iii)
Direkteursgelde (twee direkteure)	52 000	49 600
Salarisse van werkers (drywers ingesluit)	172 000	182 320
Advertensies	39 480	39 900
Afleveringsuitgawes	65 800	66 500
Verpakkingsmateriaal	78 960	79 800
Rente op lening	-	5 500
Munisipale dienste		
Diverse uitgawes		

F. **Advertensies en afleveringsuitgawes:**

- Die onderneming het twee afleveringsvoertuie en bied 'n gratis afleveringsdiens aan klante.
- Die begroting vir afleveringsuitgawes is op 5% van die begrote verkope vasgestel, op 'n gemiddelde afstand van 2 000 km wat afgelê moet word.

Werklike en begrote syfers vir Mei 2023:

	BEGROOT/ VERWAG	WERKLIK	VOERTUIG 1	VOERTUIG 2
Verkope	1 274 000	1 082 900		
Advertensies	38 220	36 820		
Drywers se salarisse	30 000	30 000	15 000	15 000
Afleveringsuitgawes	63 700	54 100	35 500	18 600
Petrol/Brandstof	47 700	40 000	26 000	14 000
Instandhouding	16 000	14 100	9 500	4 600
Kilometer afgelê	2 000 km	1 800 km	1 260 km	540 km
Datum aangekoop			1 Mrt. 2018	1 Mrt. 2022

40

TOTAAL: 150

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word AS dit in 'n vraag vereis word. - Krediet aankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly). - Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die gewoogdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.	